NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 41

16 November 2023

# Oor roeping en legitimasie

**Giovanni di Pietro di Bernardone, ’n rykmanskind, wou graag ’n ridder word. Sy pa het hom met die beste ridderuitrusting toegerus. So vertrek hy na sy eerste veldslag. In sy wilde dagdrome – ’n wêreldberoemde ridder in wording.**

Sy ridderuitrusting was dalk formidabel, maar aan krygsvernuf het hy ver tekortgeskiet. Die vyand neem hom gou gevange en hy beland in ’n tronk waar hy ’n jaar lank vir sy ryk pa wag om ’n losprys vir sy vrylating te betaal. Terug by die huis was hy siek, maar hy het geweier om sy drome van ’n dapper ridderskap prys te gee.

Na beterskap ingetree het, sluit hy weer by die gevegsfront aan, maar die nag voor die veldslag het hy ’n droom waarin God hom opdrag gee om na sy tuisdorp terug te keer. Plaas jou vir ’n oomblik in sy skoene daardie volgende oggend. Die rykmanskind in sy riddergewaad wat bedremmeld voor sy makkers staan en aankondig dat hy nie aan die veldslag gaan deelneem nie, want God het hom opdrag gegee om huis toe te gaan. Bid jou aan! ’n Mens kan jou net die spot en hoon indink – ook die reaksie in sy tuisdorp as hy ongedeerd voor hulle staan en sy vervroegde tuiskoms probeer regverdig.

Hy het waarskynlik van al die aandag en elke skindertong probeer ontsnap, want kort daarna bevind hy hom in ’n vervalle kerkie van ’n buurdorpie met die naam San Damiano. Die dak het ingeval, die mure was gekraak en die altaar was skaars onder die rommel sigbaar. Bokant die ingangsdeur was die woorde *Domus Mea* (My huis) gegraveer. Terwyl Giovanni in die kerkie voor ’n fresko van Jesus kniel om te bid, het hy skielik drie keer ’n stem gehoor met die woorde: *Gaan en herstel my vervalle huis...* Die res is geskiedenis. Die rykmanskind van Assisi het met daardie roeping ’n wesensverandering ondergaan wat uiteindelik ook in sy nuwe naam, Francesco (Franciskus van Assisi), neerslag gevind het. Die Franciskaanse orde is in 1209 deur hom gestig en het ’n groot impak op die geskiedenis van die kerk van sy tyd gehad. Die orde bestaan tot vandag toe en is welbekend.

Hierdie gebeure herinner aan Amos 9: 11 (AFR1983): *Daardie dag bou Ek die vervalle hut van Dawid weer op; Ek stop sy barste toe en bou sy murasies op, Ek herbou hom soos hy in die ou tyd was...* Die metafoor van die kerk as moontlik ’n vervalle huis/hut behoort ’n lewendige bespreking uit te lok. Dit sal letterlik ’n geval van “soveel mense, soveel menings” wees.

In beide gevalle, Franciskus se gewaarwording in die vervalle kerkie van San Damiano, en by die lesers van Amos, blyk dit dat God die inisiatief neem en mense roep om hul roeping uit te leef. Hierdie tyd van die jaar word dit veral in die vorm van ’n legitimasieplegtigheid geaksentueer. Donderdag 16 November om 16:30 word finalejaarstudent Annami McClintock en Dirk van Rooyen (voormalige predikant) gelegitimeer. Die verrigtinge begin met ’n erediens in die kerkgebou van Philadelphia, wat deur ds Lammert van Rooyen gelei word.

Beide hierdie kandidate het ’n eie verhaal van geroepenheid. Onthou – God roep jou en is aldeur by die opbou van sy vervalle huis betrokke.

**Dr André Ungerer**
**Hoof: Hervormde Teologiese Kollege**

Berigte/advertensies vir plasing in vanjaar se *Blitspos* kan nog tot Dinsdag 28 November na **produksie@nhk.co.za** gestuur word. Die laaste uitgawe van vanjaar is dié van 30 November, en die eerste van 2024 dié van 18 Januarie.

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za


Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Lief en leed



Mev Kitty Botha en ds Hannelie Botha



Ds Paul en Michelle van Jaarsveld

- Ds Hennie Louw van Gemeente Drie Riviere se broer, **Rudy Louw** (57), is Vrydag 10 November dood in sy kantoor gevind. Daar is nog nie bevestig wat die oorsaak van sy dood was nie, maar dit was vermoedelik ’n hartaanval. Ons innige simpatie gaan aan ds Louw en hul familie.

- Ds Hannelie Botha (beroepafwagtend / *Die Christelike Vrou*) se moeder, **mev Kitty Botha** (81), het Dinsdagaand 14 November geval. Haar heup het gebreek, en sy moet binnekort ’n operasie ondergaan. Ons bid haar baie sterkte en spoedige herstel toe. Mev Botha is die weduwee van ds TJ (Theuns) Botha wat in 2016 oorlede is.

- Baie geluk aan **ds Paul van Jaarsveld** van Gemeente Wapadrant en sy bruid, **Michelle le Roux**, wat Saterdag 11 November getroud is.

- **Ds Kalla Fourie** (emeritus), voorsitter van die **Eendrachtkring**, laat weet soos volg: “Ons het Donderdag 9 November weer ’n byeenkoms van die Eendrachtkring beleef. Ons vergader twee keer per jaar. Die byeenkomste vind plaas by Gemeente Wonderboompoort. Die NHSV dames voorsien gewoonlik vir ons ’n heerlike ete wat deur die NHSV Hoofbestuur bekostig word, waarvoor ons baie waardering het. Tydens vergaderings hoor ons maar nuus oor elkeen se belewenisse. Dit is elke keer werklik verrykend om saam te kan kom en in mekaar se lief en leed te deel. Ons is ook dankbaar teenoor die Raad van Finansies wat ons fondse as ’n spaarrekening hanteer. Dit beteken rente vir ons en geen bankkoste nie. Ons sal graag wil beleef dat nog emeriti en ook weduwees van predikante by ons sal aansluit. Eendrachtkring is vir seker nie die byeenkoms van die ou mense in die Kerk nie, maar wel die byeenkoms van die *ouerwordendes*!”



- **Ds Werner Olivier** se 25-jaar-ampsjubileum vind plaas op 19 November vanaf 09:00 by Gemeente Selcourt, hv Star- en Karibaweg, Selcourt, Springs. Dit sal ’n Nagmaaldiens wees.

- **Die volgende predikante verjaar tot 24 November, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 16 November: Dr WC (Wian) Kloppers (67) (emeritus) en ds CH (Casper) du Plessis (70) (emeritus)
  - Maandag 20 November: Prof J (Johan) Buitendag (70) (emeritus) en ds CJA (Cornie) Pieterse (75) (emeritus)
  - Woensdag 22 November: Dr PB (Piet) Boshoff (74) (emeritus), di PR (Rudi) Janse van Rensburg (Swellendam) en LS (Lammert) van Rooyen (55) (Lichtenburg-Oos)
  - Donderdag 23 November: Di ME (Mariaan) Beukes (61) (siekte-emeritaat) en HS (Henk) Joubert (61) (Welgelegen-Pietersburg)
  - Vrydag 24 November: Dr GJ (Gerhard) Niemann (40) (beroepafwagtend), di JJ (Jacques) Pieterse (55) (Laer Suidkus) en CAP (Neels) van Tonder (67) (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gobabis.** Gemeente Gobabis beskik oor ’n vakature vir ’n deeltydse predikant, vanaf Januarie 2024. Die predikant moet twee eredienste per maand in Gobabis hou en in die week tussen die twee Sondae die normale pastorale versorging van die gemeente behartig. Die werksaamhede in Namibië is onderworpe aan ’n werkpermit. Die gemeente nooi belangstellende predikante om met die skriba, John Venter, per vonkpos **jventer41@gmail.com** of +264 81 230 6846 te skakel vir meer besonderhede.

- **Vakante pos: Finansiële Beampte**
  **Gemeente Montana**
  Aanvangsdatum: 1 Maart 2024
  Salaris: Onderhandelbaar
  Werkure: Maandag-Vrydag 08:00-13:00, Sondae na kerk,
  bywoning van vergaderings
  **Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Januarie 2024**
  Stuur aansoek na: **hermon@absamail.co.za**
  Posvereistes: Graad 12 met Rekeningkunde;
  rekenaarvaardig in Excel, Word, Sage en Pastel

- **Gemeente Kathu**
  **Biddag vir ons boere en vir reën**
  Sondag 19 November vanaf 10:00
  Almal welkom!

- **Gemeente Naboomspruit** vier hul **80ste bestaansjaar** op **Saterdag en Sondag 18 en 19 November. Saterdag:** Boomplantseremonie, voorbereidingsdiens, geskiedkundige stories om ’n bosveldvuur en ’n bring-en-braai. **Sondag**: Outydse Nagmaal en dankseggingsdiens. Die dag word afgesluit met ’n heerlike Kersmaal. Oudlidmate van die gemeente is welkom om die geleentheid by te woon. Kontak Mabel by 083 220 1425 om u bywoning te bevestig. Navrae: Ds Jan Claassen by 084 400 5137 en ds Jannie Grobler by 082 375 2913.

- **Ventersdorp: Gesamentlike Kerssangdiens**
  Sondag 26 November 18:00
  By Hervormde Kerk
  hv Visser- en Cheynestraat

## Vergaderings

- Donderdag 16 November: Kommissie van die AKV
  Legitimasie
  Rata Finkom
- Vrydag 17 November: Kommissie van die AKV
  Ons Tuis Direksie
- Dinsdag 21 November: DPS en Plesion Finkom
- Woensdag 22 November: Rata Raadsvergadering

## ’n Gedig

**laaste wil**

draai my in ’n groen jurk
en lê my op ’n baar
wanneer die reëntyd oor is
die wolke druppelloos

skuif my in die smal hoogoond
sodat ek skoon en wit kan brand
nie wag op wurms ondergrond
bolangse krans of Sondag se besoek

neem die potkleikruik met as
breek dit tot skerwe skud my vry
oor waboom tolbos en bergriet
teen die Langeberg se hoogste spits

neurie deuntjies vry van verdriet
hoor hoe die jong hoep-hoepies roep
die swart toktokkies sein en klop
die ou-ou kode tussen my en jou

wanneer die reën en groei weer kom
blare hand uitsteek na die son
kom soek my tussen heuningbos
waar ek knalgeel tussen die kwartsklip blom

**Christine Barkhuizen-le Roux**
* 18/11/1959 † 18/11/2020
(Uit: *skynskadu*, 2015)

## Kerklike publikasies

- Die **2024 *Almanak/Bybelse Dagboek*** is van die drukker ontvang en is beskikbaar by die Sinodale Dienssentrum se boekwinkel in Derdepoort. Bestellings kan steeds geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.








- In die **November/Desember 2023-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** nooi **ds Chantelle Maree** ons uit vir 'n Somerkersfeeservaring in *Kersfees kom.* **Marina Nortjé**, voorsitter NHSV Swellendamstreek, wys die foto-album van hul Weskus-blommekyk in *God se natuurlike blommetuin*. **Ds Carel Johann de Bruin**, sekretaris van die Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek, deel verskeie gemeentes se kanselkleedvertellings in *Die kanselkleed (Deel 10)*. **Lucia Prinsloo** van Gemeente Jeffreysbaai vertel die aangrypende verhaal van 'n gesin en familie se pad met polisistiese lewer- en niersiekte in *Lééf die liefde.* Ons sluit af met *Vryheid vir ons kinders* deur **Elanze Smit**, maatskaplike werker DPS Gauteng, waarin sy aansluit by die kontroversiële fliek *Sound of Freedom* wat mensehandel uitbeeld en wat tans in teaters vertoon word. Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.




- **Boekbekendstelling Woensdag 29 November (aanlyn) 16:00-17:30**
  *Kortpad-Praatjies I: Afrikaans vir beginners / Shortcut Chats I: An interactive workbook*
  Deur Rina Loader en Charlene Human
  Virtuele bekendstelling op Zoom
  RSVP **https://zoom.us/webinar/register/WNOmbRGJHRSwOWpECJH3Dicg**
  Navrae: **wikusvz@uj.ac.za**

## SP Engelbrecht-museum



- **Ds Carel Johann de Bruin berig:** "Die Museum het Saterdag 11 November 'n besonderse skenking van Manie Mountany via die Genealogiese Genootskap van SA Gauteng-Noord ontvang. Manie se ma was 'n dubbele Engelbrecht met haar ma en pa Engelbrechts, en ook sy vrou het Engelbrecht-voorouers. Manie is 'n entoesiastiese Engelbrecht-navorser. Ek en hy ontmoet mekaar toe by die GGSA se takafsluiting waar hy juis as gasspreker kom vertel het van die **Engelbrecht-Bijbel** wat **Bloukrans** oorleef het. En só neem ek namens die Museum – heel onverwags – die kosbare Bijbel in ontvangs. Onmiddellik het ek dit gaan plaas in die nuwe spesiale Engelbrecht-uitstalkas. By Bloukrans word op 17 Februarie 1838 deur die Zoeloes vermoor: 185 Voortrekkerkinders, 56 vroue, 41 mans en 250 werkers. **Foto:** Op die Bijbel is heel regs prof SP Engelbrecht se oupa Gert wat Bloukrans as 16-jarige oorleef het. Gert se pa, ook Gert (52), sterf by Bloukrans. Links is prof SP (Fanie) en sy vrou Olif."



- **Ds De Bruin vertel verder:** "Ons het **worsbroodjies** verkoop ten bate van die Museum. Ons het 36 stukke spesiale resep Oumaboerewors geborg gekry van eerwaarde Nico Oberholzer, priester in die Anglikaanse Kerk, seun van prof Bart Oberholzer. Nico werk in die Tshwane Bokone-aartsdiakonaat, nie verbonde aan 'n gemeente nie, maar wat verskeie gemeentes vanaf Pretoria-Noord tot in Garankuwa bedien. Die braaiery was in ons voortuin. Die worsbroodjieverkope was suksesvol met 'n aangename kuier vlugtig saam met Museumvriende. My gesin en skoonma het gehelp. Van die kole af in die broodjies! WhatsApp het uitstekend gewerk om bestellings te kry en reëlings te tref oor voorkeure en afhaal. Wins R875. Fondse gaan vir pamflette, byskrifte, vernuwing van uitstalkaste en dies meer. Skenkings is welkom. [Ons het juis reeds kwaliteithout en benodig nou glas of *Polycarb* om 'n klereuitstalkas te bou.]"

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Silverton**
  **Wen 'n heel lam ter waarde van R3 000**
  Dis die perfekte Kersgeskenk!
  Van 13 November tot 15 Desember, wanneer die lootjietrekking gebeur
  Alle fondse ten bate van gemeente se dakfonds
  Koop kaartjie vir R50 en staan 'n kans om die lam te wen
  Net betyds vir die feestyd!

  Ondersteun asb hierdie inisiatief sodat ons ons dak kan herstel. Om 'n lootjie te koop, gaan na **https://forms.gle/bp2UMUFuTAmDvGpS6** en volg die instruksies.

- **Gemeente Ebenhaëzer: Liggiefees 2023**
  **Vrydag 1 en Saterdag 2 Desember**
  Van 16:00 tot laat saans
  Heerlike pret en vermaak vir die kinders
  Smaaklike kos om aan te smul
  Opwindende program van Kers- en gewyde sang
  Dalk 'n opvoering of twee
  Met plaaslike sanggroep Grinadiers
  Gemeentes, lidmate en skole kan gratis deelneem
  Bespreek 'n stalletjie vir die Kersmark:
  R600 vir 2 dae binne, R500 vir 2 dae buite
  Toegang is gratis
  Donasies is welkom en sal vir liefdadigheid aangewend word
  Vir meer besonderhede skakel Mariana van der Merwe (084 745 1054)
  Mirinda Pretorius (083 313 6267)
  Christine Kruger (083 362 8504)

- **Alphonso Theron** (61) het besluit om twee monsters aan te durf. Hy wil die **Munga**, een van die heel moeilikste ultramaratons vir bergfietse in die wêreld, voltooi – vir Rata en die kinders wat so dapper teen hul monsters stry! Die deelnemers moet meer as 1 100 km tussen Bloemfontein en Wellington binne 5 dae aflê. Om die monster van Rata se tekort aan inkomste te tem, wil Alphonso R1 000 000 insamel – 1 000 persone of instansies wat elk R1 000 skenk.

  **https://rata.org.za/alphonso-se-monsteruitdaging/**

  **Elektroniese betalings**
  Rata Maatskaplike Dienste MSW
  ABSA tjekrekeningnommer: 020 600 209
  Takkode: 632005
  Verwysing: MUNGA + Naam

- **Alphonso en Rata se Bestuur** daag nou ook elke gemeente, Rata-kantoor en besigheid uit, om **1 000 keer om die kerk of kantoor met 'n fiets te ry, te draf of te stap**. Gemeentes, kategeseklasse en predikante is welkom om mekaar uit te daag. Laat weet ons asseblief van jul uitdaging en geleentheid. Reël 'n geleentheid in die gemeente, waar die predikant, kerkraad, katkisante en enige belangstellende persoon kan deelneem. Julle kan dit ook 'n aflosgeleentheid maak! Gemeentes kan hier kreatief dink en beplan.

  **Voorbeelde:**
  - 10 lidmate wat 100 maal om die kerk gaan
  - 100 lidmate wat 10 keer om die kerk loop of ry

  Mense kan as **borge of skenkers** vir deelnemers optree. Bepaal byvoorbeeld 'n bedrag vir die hoeveelheid rondtes wat geloop of gery is, en dit help dan met die insameling. Die totale bedrag skenk die gemeente, kantoor of besigheid dan aan die Rata Alphonso Monsteruitdaging.

**THE MUNGA** begin op 29 November 2023 in Bloemfontein en eindig op 5 Desember in Wellington. **Gemeentes kan hul geleentheid reël vir Saterdag 25 November of Saterdag 2 Desember.** Ons wil graag die geleenthede se inligting en foto's deel op sosiale media asook met Alphonso tydens die wedren. Hy sal op sy beurt weer sy vordering met ons deel.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- **NHSV Studieleningsfonds 2024**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2024.**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.


- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Toerusting

- Lees ***hier*** prof Natie van Wyk se artikel *500 jaar van die Protestantse gesangeboek*. Hy wys daarop dat die 500-jarige bestaan van die Protestantse gesangeboek in 2024 gevier word. Hy skryf: *Naas die Bybel, was die gesangeboek 'n kosbare besitting van Christelike huishoudings. ... Al kan ons nie as 'n singende volk beskryf word nie, is kerksang, koorsang en solo-sang van geestelike liedere tog 'n belangrike element van ons volkslewe. Minstens om hierdie rede behoort 2024 'n jaar van die kerklied te wees.*




- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word. Module II – *Die kuns van goeie gesprekvoering* **(dr Johan Bester)** is beskikbaar by **https://youtu.be/VfUgoBXodwA**, *Hoe om lidmate in tye van krisis te begelei* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/dUJ9kXs4Tvw,** en *Siekebesoek en sterwensbegeleiding* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/AcAQ3DrH7yw**. Kry die gevorderde toerusting in Bybelkennis: Ou Testament **(ds Marina Kok-Pretorius)** by **https://youtu.be/wz7AsQqrvrY?si=VDweMoQBXJPny4xT**, en die gevorderde toerusting in Nuwe Testament **(ds Martin Slabbert)** by **https://youtu.be/K20lZchTaUo**.



- Die **Voortrekkermonument (VTM)** hou van **9 tot 16 Desember Geloofteweek**, met prettige aktiwiteite vir die hele gesin. Van 8 tot 15 Desember sal die VTM tot 22:00 oop wees. Vanaf 9 Desember tot die aanloop tot Geloftedag op 16 Desember gaan die VTM elke aand om 19:00 die Gelofte aflê. Kom ervaar die geleentheid by die Lewende Laer, en kom kyk ook hoe maak Kanon Susanna haar stem dik – en dit nogal in die aand! Verder sal daar markte, Volkspele en Boeredanse wees, 'n verskeidenheid toneelstukke, gaskunstenaars, kinderaktiwiteite, nagtoere, liplek-lekker maaltye by ons restaurante en vele meer. Registrasies vir Geloftedag is nou oop. Elke volwassene moet asseblief registreer. Gaan na **https://vtm.org.za/gelofteweek-2023/** en vul die vorm op die webtuiste in. Gaan na **www.vtm.org.za** vir meer inligting.

## Studentesake

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp.** Is jy 'n Matie in 2024? Kom kamp dan saam van **Sondag 28 tot Dinsdag 30 Januarie 2024**. Leer mekaar ken, leer die omgewing ken en kom geniet dit net. Koste: R400 per persoon. Kontak dr Chris le Roux by **cleroux@mweb.co.za** of 079 495 3239 vir meer besonderhede.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
  **30 Januarie – 2 Februarie 2024**
  By Venterskroon-kampterrein
  Kry inligtingsvorm vir jou besonderhede
  **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**
  Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

# Gebed vir vrede

**Ons Vader, ons bid vir u ingrype.**

**Gee dié wat vlug:**
**beskutting.**

**Dié wat bly:**
**veiligheid.**

**Dié wat veg:**
**vrede.**

**Vir dié wat hartgebroke is:**
**vertroosting.**

**Vir dié wat geen toekoms meer sien nie:**
**hoop.**

facebook.com/poorclaresgalway/photos

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel